


Haastigheid veroorsaak dubbel werk!

September 2017



Het jy al beleef dat mens baiekeer papier in die asblik wil gooi, dan probeer jy die asblik van 'n afstand raakgooi eerder om die laaste vier tree soontoe te loop, en baiekeer gooi jy mis! Dan moet jy naderloop, buk en weer ingooi. Wat het jy gewen? Jy het eintlik verloor want jy moes teruggaan en dit oordoen. As jy nie teruggegaan het nie moes iemand anders dit dalk vir jou doen.

Dieselfde geld in proses veiligheid. As jy dit nie die eerste keer reg doen nie, sal jy dit waarskynlik moet oordoen. Of, iemand anders moet dit oordoen en jou fout regmaak. Sekere proses veiligheids take is egter nie so eenvoudig soos papier in 'n asblik gooi nie! Proses veiligheids take soos byvoorbeeld die toets van 'n instrument volgens 'n prosedure wat nie die eerste keer reg gedoen word nie, kan ernstige gevolge hê, vir jou, jou medewerkers of self die gemeenskap en omgewing. Wanneer? Waar? Hoe? Wie weet?



Hoekom is dit belangrik?

Om kort paaie te vat op die aanleg was in baie gevalle die oorsaak van prosesveiligheids insidente. Byvoorbeeld:

- Om nie die prosedure te volg nie
- Om alarms dood te druk sonder om aksie te neem
- Nalaat om rondtes te doen om te sien of alles nog reg is
- Om die aanleg prosedure te doen sonder om die nagaanlys waarop jy afteken saam te neem. Dis moontlik dat jy die taak al 100 keer gedoen het, maar mense is maar 99% betroubaar ten beste. Dit is 10 keer meer waarskynlik dat jy 'n stap sal vergeet in 'n matig ingewikkelde aanleg as jy nie volgens die nagaanlys werk nie.

Iets wat miskien onbelangrik lyk, kan ernstige gevolge hê. Prosedures wat onvolledige, onakkurate of swak gebruik word kan ernstige ongelukke veroorsaak met baie beserings en selfs dood. So byvoorbeeld was daar in Desember 1994 'n ontploffing in 'n kunsmisfabriek in Port Neal in Iowa, VSA. Vier mense is dood en 18 beseer terwyl die aanleg feitlik totaal vernietig was en chemikalië die omgewing besoedel het. Die EPA ondersoekspan se gevolgtrekking was: "Die ontploffing was die gevolg van gebrek aan geskrewe veilige bedryfsprosedures en dit het die kondisies op die aanleg veroorsaak wat nodig was vir die ontploffing."

Wat van 'n taak wat dalk nie maklik is om te doen nie? Daar is dalk 'n instrument lesing wat gelees moet word deur met katlere op te klim, 'n hek oopsluit om die vlak na te gaan, na 'n afgelee deel van die aanleg te gaan om die posisie van 'n klep na te gaan. Dis maklik om te besluit jy is te besig om dit nou te doen. Iemand anders moet dit maar later doen- net soos die papier waar jy die asblik misgooi. Maar as almal so redeneer, sal die taak nooit gedoen word nie!

Wat kan jy doen?

- Volg altyd die prosedure presies. As prosedures onvolledig of verkeerd is, verduidelik aan jou toesighouers sodat dit reggestel kan word. Hulle wil graag hê die taak moet reg gedoen word.
- As jy aanleginspeksies doen, maak seker jy neem genoeg tyd en doen dit deeglik.
- Tydens jou aanleginspeksie, as daar inspeksiepunte is wat moeilik is om by te kom, instrumente met foutiewe kalibrasie of wat nie reg werk nie, vloeistowwe wat drup, roerders wat skud, pompe wat ongewone geraas maak, of enigiets wat nie reg lyk of klink nie, rapporteer dit aan jou toesighouer. Niemand kan 'n probleem oplos as hulle nie daarvan weet nie!

As jy nie die tyd het om dit die eerste keer reg te doen nie, hoe gaan jy tyd kry om dit oor te doen?